Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Carl van Heerden

Area: Tarlton

T: 072 341 6087 / E-pos: carl@laeveld.co.za

Gewasse: Groente, aartappels en graan
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Carl het in Delmas grootgeword en by Hoërskool Delmas gematrikuleer. As skoolseun het hy nasionale kleure in perde-uithouritte behaal en vir die eerste span rugby gespeel. Hy is getroud met Mariska en hulle het sover een seuntjie, Hugo.

Ná skool het hy in 2010 by die Universiteit van Pretoria begin studeer en in 2012 'n BScAgric-kwalifikasie in Landbou-Ekonomie behaal. Verder was hy van 2011 tot 2012 die voorsitter van Tuks Landbou, waar hy 'n groentetuin-projek begin het wat tot vandag nog 'n belangrike deel vorm van Tuks Landbou se liefdadigheidsprojekte.

In 2013 het hy by Victus Bio begin werk, waar hy tot 2016 in diens was voordat hy by Agri Technovation aangesluit het. Hy is in 2018 as Hoof van Groente by Agri Technovation aangestel en was verantwoordelik vir dié afdeling se diens en verkope. Hy het dié pos tot Julie 2022 beklee. Sy hoof fokus as Landboukundige by beide Victus Bio en Agri Technovation was groentegewasse en hy het gereeld opleiding aan agente, asook boeredae- en produkopleiding aangebied.

Carl is werksaam in Tarlton, Rondebult en gedeeltelik in Bapsfontein. Een van sy eerste werksdae in die Tarlton-gebied was by 'n kliënt wat tot vandag toe steeds sy kliënt is, en ook 'n belangrike kliënt vir Laeveld Agrochem is.

Carl se grootste stokperdjies is jag en gewere. Verder geniet hy dit ook om kwaliteit tyd saam met sy vrou en seuntjie deur te bring.

Hy spesialiseer meestal in groentegewasse, met 'n fokus op aartappels. Droëlandgrane vorm ook deel van die kennis en diens wat hy bied. Aartappels is een van die hoofgewasse in die area, maar wortels, kool en slaai is ook populêre gewasse in die gebiede.

Carl sê hy en sy span streef daarna om vir die boere goeie diens te lewer, en goeie produkte te bied wat goeie opbrengste vir hulle lewer.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes. Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.